Hotelaandele: Ergste dalk verby

Apr 08 2012 05:00
Ingé Lamprecht

Johannesburg. – Die hotelbedryf bly onder druk, maar ontleders meen daar ís geleenthede vir langtermynbeleggers in die sektor. Mnr. Faure Heymans, ’n ontleder van RE:CM, sê marges in die hotelbedryf is sedert 2008 onder druk. “Van die verwagte meevaller (vanweë die Wêreldbeker-sokkertoernooi) in 2010 het niks gekom nie,” sê hy – en dit het gelei tot ’n toename van 9,5% in hotelkamers in 2009.

In groot metropolitaanse gebiede was die toenames heelwat meer as 10%. “Die toename in die vraag vanweë besoekende sokkergeesdriftiges is maklik geabsorbeer en teen einde 2010 het die bedryf ’n ooraanbod gehad en marges het platgeval,” sê hy.

Heymans sê besettingsyfers is steeds onder geweldige druk. “Besettingsyfers is op hul laagste vlak in meer as ’n dekade en sommige van ons beleggingsmaatskappye meen dit is die ergste ineenstorting in 50 jaar,” sê hy. Heymans meen sommige gasvryheidsondernemings bied op die oomblik goeie geleenthede vir beleggers wat hoop om langtermynkapitaalgroei te behaal deur in aandele te belê wat teen ’n lae prys-boek- en prys-verdienste-veelvoud verhandel. “Dit is interessant om te sien dat korporatiewe geld na hotelle begin vloei.

Onlangse aktiwiteit in die mark sluit in dat die Protea-groep geld opsy gesit het vir die koop van bates wat in nood verkeer, Tsogo Sun 100% van Formula 1 teen minder as die vervangingswaarde gekoop het en ’n aantal kleiner verkrygings van sukkelende bates deur beleggingsmaatskappye.”

Hy meen beleggers wat bereid is om ongemaklike posisies met ’n langer beleggingshorison in te neem, kan waarde vind in sekere genoteerde hotelaandele, waarvan sommige tans teen 50% minder as die vervangingswaarde van hul netto bates verhandel.

Heymans sê die mark bied beleggers ’n groep hotelle wat in bedryf is teen minder as die helfte van wat dit sou kos om dit op die been te bring. “Ongelukkig weerhou die feit dat ons tans posisies in dié aandele bou ons daarvan om meer bekend te maak,” sê hy.

Mnr. De Wet Schutte, ’n ontleder van Avior Research, sê die hotelbedryf bevat ’n sikliese element en gevolglik het die sakesiklus ’n invloed op die bedryf se inkomste. Die afgelope tyd was moeilik en dit is dus nie ongehoord om te verwag dat die bedryf in die komende tye beter sal vaar nie. Beleggers moet net hul

intreepunt mooi kies. “Op lang termyn is Suid-Afrikaanse hotelle ’n goeie omgewing om in te belê,” sê hy.

Schutte sê hoewel ’n mens moet oppas om te veralgemeen omdat daar altyd uitsonderings is, is die goue reël in die hotelbedryf dat ’n mens hotelaandele moet koop wanneer hotelle leeg is en moet verkoop wanneer hulle vol is. Hoewel daar aanduidings is dat die ergste vir die bedryf moontlik verby is, meen hy dit is nog ’n goeie paar jaar voordat hotelgroepe weer normale besettingsvlakke sal bereik en hoewel beleggers moontlik die eerste deel van die opswaai misgeloop het, is dit nie iets wat langtermynbeleggers moet afskrik nie. In dié verband kan langtermynbeleggers moontlik ’n hotelgroep soos City Lodge oorweeg wat nog goeie waarde bied.

Me. Cheree Dyers, ’n ontleder van Prescient Securities, sê die groep verwag dat sakereise vanjaar in ’n matige pas sal verbeter. “Hoewel dit lyk asof besettingsvlakke teen September verlede jaar ’n draaipunt bereik het, is dit moontlik dat verbeteringe onegalig en in ’n wisselende tempo sal plaasvind as gevolg van die volgehoue ekonomiese onsekerheid.” Dyers sê hoewel die groep nie verwag dat handelstoestande in die bedryf tot voor-resessionêre vlakke sal terugkeer nie, sal selfs matige verbeteringe geleenthede vir City Lodge bied om sy markaandeel en gevolglik sy winsgewendheid te verbeter.

“Ons verwag dat maatskappye en regerings steeds versigtig sal bestee terwyl die onsekerheid voortduur. Hoër vlugtariewe sal na verwagting druk plaas op die duur van verblyf en begrotingsvriendelike opsies sal waarskynlik voorkeur kry. “City Lodge sal na verwagting voordeel trek uit verbeteringe in besettingsyfers by van sy nuwer hotelle,” sê sy.